

Maandag

Gal.3:3-6; 20- 4:1-7; Tit.2 11,12; 1 Pet.2:9,10. Teks Gal. 3: 25 “Maar nou dat die geloof gekom het, staan ons nie meer onder die toesig van ’n oppasser nie.” (Nuwe direkte vertaling.) Christus maak ons bevoeg en bekwaam om mondige kinders van God die Vader te wees. Die Here los nie sy kinders by ’n kleuterskool omdat sy magtige skeppingswerk Hom te besig hou om self met sy kinders te kan wees nie. Hy leef self in sy liefde elke oomblik met sy kinders. Deur sy liefde rus Hy hulle toe en voed Hy hulle self in sy liefde op. (Gal. 3: 5) Hy stel nooit oppassers aan om sy kinders op te voed om goed te doen nie. Oppassers kan nooit kinders in liefde opvoed nie. Die oomblik wanneer jy jou kind by ’n kleuterskool aflaai, gebeur daar iets met daardie kind wat maak dat daar geen werklike oueropvoeding kan plaasvind nie. Hy of sy word net nog een van die kinders wat deur die kleuterskoolleier opgepas moet word. Ouerskap, “jy is my kind”, is die band wat kinders die status en vermoë, dit is ’n bevoegdheid en bekwaamheid, gee om as kind aan jou te behoort en as kind met jou te leef. God se liefde voed ons op om sonde te los en Hom lief te hê. (Tit.2:12) Opvoeding gaan oor vertroue wat deur liefde geskep word en deur liefde gekweek word. Daarom is God se genade volgens Gal. 3: 5 die krag en toerusting waardeur God ons bevoeg maak vir sy liefde en bekwaam gemaak om Hom te kan liefhê. God voed nie sy kinders op deur geestelike kinderoppassers nie. Gal.3:25. preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za ds. Petrus

Dinsdag

Gal.4:1-7; Tit.2 11,12; 1 Pet.2:9,10. Christus het Homself deur sy lyding en opstanding, Koning (Joh.18:37), Priester (Heb.8:1) en Profeet (Hand.7:37) gemaak. Christus is die Profeet wat deur sy lyding en opstanding God se verlossing bekend maak; Koning vir sy kerk deur ons deur sy genade te regeer en nie deur die wet nie, (Joh.18:36); en Priester deur vir sy kerk self die offer vir hulle sonde te wees en te bring. (Heb. 8:1) Hy verenig ons met Hom as mens in die hemel en beklee ons só met status en vermoë, dit is die bevoegdheid en bekwaamheid, om elkeen ’n koningskind, priesterkind en profetekind te wees. (1 Pet.2:9,10) Ons is koningskinders deurdat Hy ons met sy regverdigheid en heiligheid as mens beklee en só ’n vrye gewete gee teenoor elke sonde wat ons doen. Deur ons geloof kan ons met ’n vrye gewete teen ons eie sondigheid, en elke sonde, stry met die vaste wete ons sonde is nie wie ons vir God is nie. Ons is profetekinders omdat ons tot die geloof gekom het dat Jesus wat gely en opgestaan het, die Christus is. Profesie is om jou geloof te bely dat Jesus die Christus is. (Rom. 10: 9,10) Christus maak deur sy offer vir ons skuld, elke gelowige ’n priester. Hy gee ons die vermoë om onself met ons liggaam, siel, verstand en al ons krag in liefde aan God toe te wy en aan ons naaste soos ons self. Deur sy skuldoffer aanvaar God ons dankoffer. (Rom. 12:1). Die benoeming “kind van God” dui op die volle status en vermoë wat Christus ons gee om konings-, profete- en priesterkinders vir God te wees. (Gal.4:6) ds. Petrus.

Woensdag

Gal.3:3-6; 20- 4:1-7; 1 Pet.2:9,10. Gal. 3: 25 “Maar nou dat die geloof gekom het, staan ons nie meer onder die toesig van ’n oppasser nie.” (Nuwe direkte vertaling.) Geestelikes maak hulself gelowiges se oppassers. Hulle glo hulle is die soet kinders in God se kleuterskool wat God se mag deel en verteenwoordig by gelowiges. Hulle glo hulle soetwees bemagtig hulle om die gidse, die lig, die leermeesters en onderwysers te wees vir gelowiges wat onkundig oor die geestelike dinge sou wees. (Rom.2: 17-20) Met hierdie selfbemagtiging in en deur God, verander hulle die betekenis om kind van God wees. Teenoor hulle en God se mag is jy nou nog nêr ’n kind, en nie meer God die Vader se kind nie. Met hierdie gewaande magsdeling met God verander hulle ook die koning-, priester- en profeetwees van gelowiges. Hulle alleen is nou profete van God se drome, visioene en planne met jou lewe, wat God net vir hulle gee, en jy oor onkundig is; Hulle alleen is nou konings omdat hulle saam met God besluite vir jou neem, magswoorde oor die lewe kan uitspreek soos “word gesond”, “duiwel gaan uit”, “konflik, armoede en depressie sal verdwyn” en met die outoriteit kan optree om God se gesag af te dwing, omdat gelowiges volgens hulle in die duisternis is en niks van God weet nie. (Rom.2). Hulle alleen is nou priesters wat die mag het om het om jou na God te lei sodat God jou hart en jou lewe uit jou sal uitruk as offer vir jou sonde. Voor hierdie bemagtigde geestelike leiers is jy nêr ’n kind in afhanklikheid en ondergeskiktheid, nie meer die Vader se mondige kind nie. Ds. Petrus

Donderdag

Gal.3:3-6; 20- 4:1-7; 1 Pet.2:9,10. Christus het gekom om ons kinders in God die Vader se huis te maak. Daarom kan ons tot Hom roep: “Abba!” “Ons Vader!” Christus het ons uit die geestelike kleuterskole van hierdie wêreld kom uithaal, loskoop, nie insit nie! Christus het nie gekom om geestelikes ons voogde en bestuurders te maak nie. Hy het gekom om ons van bemagtigde leiers te bevry! Tussen ons en God ons Vader is daar geen geestelike tussengangers nie. (Gal.3:20) Hy het gekom om ons in te sluit in die liefde van God, nie om ons met God mag te laat deel nie. Hy het gekom om ons deur God se genade en liefde op te voed om lief te kan hê, nie om God se mag te verteenwoordig nie. Kleuterskoolgodsdienste! Die geestelikheid van onmondiges en minderjariges! Dit is wat hierdie opleiding en skoling in goddelike mag is. Die geestelikheid van profete wat God se drome en planne deel, is afgodsdienste. Kinders van God is bevoeg en bekwaam om profete te wees, ons kan vertel hoe Christus se lyding en opstanding ons in God se liefde laat deel. Die geestelikheid van konings wat saam met God besluite neem en namens God magswoorde uitspreek, is afgodsdienste. Kinders van God is bevoeg en bekwaam om konings te wees, want Christus laat ons met ’n vrye gewete teen ons eie sondigheid stry. Die geestelikheid van priesters wat ander na God lei om hulself, hul harte en lewens aan God op te offer vir hul sonde, is afgodsdienste. Kinders van God is bevoeg en bekwaam gemaak om Christus se priesters te wees wat onself in liefde aan God toewy. Ds. Petrus

Vrydag

Gal.3:3-6; 20- 4:1-7; 1 Pet.2:9,10. “Maar as daar net één is wat handel, is ’n tussenganger nie nodig nie, en God is net één.” Gal.3:20. Tussen God en ons is daar geen tussengangers nie. Christus wat ons insluit in sy lyding en opstanding as mens, is self God en sluit ons in God die Vader se liefde in. Deur hierdie geloof in Christus het die mag wat die pous en sy biskoppe hom as pous toegedig het, in die hart en verstand van gelowiges in die Reformasie verdwyn. Vandag nog bely die Rooms Katolieke Kerk dat die pous Christus op aarde is en al sy mag verteenwoordig. “Hy het die volle, absolute en universele mag oor die hele kerk en kan dit altyd ongehinderd uitoefen.” (“Catechism of the Catholic Church paragraaf 882.) Baie NG predikante glo en leer al vir die laaste 20 jaar dat hulle God se bemagtigde leiers oor lidmate is. Die benaming “bemagtigde leiers” het hulle vir hulle self gekies. Hulle hou vir mekaar kursusse oor hoe om die bemagtigde leiers vir lidmate te wees, sien hulle self só, gedra hulle self só en verwag dat lidmate hulle só sal erken. Hierdie bemagtiging kry hulle uit hul gewaande geloof dat hul met God mag deel en God by lidmate verteenwoordig: hulle kry God se drome en planne, hulle besluit saam met God oor lidmate en vereis van lidmate dat hulle hul harte en lewens aan God offer (oorgee). Maar die Evangelie leer ons dat Christus elke gelowige ’n koning, priester en profeet in God se liefde maak. Die Evangelie verbreek hierdie nuwe magsgreep van die tussenganger-dominees in die NG Kerk. Die Evangelie bevry ons harte en gewetens van sulke tussengangers. Ons self, ons elkeen, kan God ons Vader ongehinderd liefhê en dien deur geloof alleen. (Mat. 23:8-10) ds. Petrus